

## ALGEMEEN

- Kandidate moet let op die puntetoewysing van elke vraag sodat hulle nie te min of te veel skryf nie.
- Kandidate moet die instruksies bo-aan die vraestel noukeurig lees.
- Kandidate het gesukkel om die vrae korrek te interpreteer – hulle moet let op die verskille tussen "verduidelik", "bespreek" en "vergelyk".
- Sommige kandidate se taalvermoë was baie swak en hulle kon nie behoorlik gestruktureerde sinne skryf nie.
- Vrae is dikwels nie in konteks beantwoord nie.
- Die numering van die vrae was baie beter as in die verlede..
- Sommige kandidate het vrae uitgelaat, veral vrae onderaan 'n bladsy of bo-aan 'n nuwe bladsy.
- Kandidate het nie elke vraag op 'n nuwe bladsy beantwoord nie.
- Potlode moenie gebruik word nie.
- Kandidate het nie die korrekte vakterminologie gebruik nie.
- Kandidate het die vraag herhaal in stede van die vraag te beantwoord. Hulle het woorde uit die vraag aangepas en hulle as antwoorde gebruik.
- Kandidate moet 'n spasie tussen vrae laat.
- Kandidate het gesukkel om die gevallestudies en die data wat voorsien is, te interpreteer.

## AFDELING A

## Vraag 1

- Kandidate het spasies gelaat en nie alle vrae beantwoord nie.
- In die veelkeusevrae is regmerkies in plaas van kruisies gebruik.
- Meer as die een opsie is soms gekies. Geen punte word dan toegeken nie.
- Kandidate het nie by die regte antwoord in 1.1.3 uitgekom nie. – daar was verwarring oor *wanneer* Siphos werk verloor het.
- Die kort vrae was te maklik in vergelyking met die res van die vraestel.

## Vraag 2

- 2.1 Hoewel GI spesifiek in die eksamenriglyne aangedui is, was daar sentrums wat geen idee gehad het van wat dit was nie. Ander het hierdie vraag goed beantwoord.
- "Glukemiese indeks" is verwar met "glutenintolleransie".
  - Kandidate het in baie gevalle die definisie gegee soos dit in Lewenswetenskap onderrig word.
  - Kandidate het die term "suikervlakke" in plaas van "bloedsuikervlakke" gebruik.
  - Kandidate het voordele van lae GI met voorbeelde verwar.
  - Kandidate het te veel eenwoordantwoorde gegee. Antwoorde moet in volsinne met ten minste een werkwoord wees, bv. Eet meervessel want dit voorkom.....
- 2.2 Kandidate het dit moeilik gevind om die tabel te interpreteer. Hulle moes kies en motiveer na aanleiding van die inligting in die tabel.
- 2.3 Basiese kennis van funksies en nutriënte het ontbreek.
- 2.4 Kandidate se kennis van voedselsekureit was baie beperk. Hulle het dit met voedselhygiëne verwar of met sekureit in die konteks van voedselterrorisme. Hulle het gesukkel om inligting uit die gevallestudie te verstaan en weer te gee.
- 2.5 Kandidate het baie algemene antwoorde gegee, i.p.v. om spesifiek na die spotprent te verwys.

### Vraag 3

- 3.1.1 Oor die algemeen goed beantwoord. "Onderskei" beteken "wys op die die verskil(le) tussen".
- 3.1.2 Kandidate het veralgemeende antwoorde gegee en nie dit wat van toepassing is op die spesifieke prent nie.
- 3.1.3 Baie goed beantwoord
- 3.2 Baie swak beantwoord. Kandidate kon nie onderskei tussen sintetiese en natuurlike vesels nie. Sommige kandidate het nie eens 'n poging aangewend om die vraag te antwoord nie. Sommige kandidate het hier selfs die impak op die verbruiker of die ekonomie bespreek.
- 3.3.1 Die definisie van "inflasie" is goed beantwoord. Die definisie van die "VPI" verskil in baie handboeke en baie min kandidate het na die tydsaspek verwys.
- 3.3.2 Kandidate het die vraag redelik goed beantwoord – maar sommige kandidate het slegs die letters of opsies gekies en nie motiverings gegee nie. Die konsep van "spaar" is goed verstaan.
- 3.4 Baie hoë-ordevraag. Slegs 'n baie klein persentasie van kandidate kon dit korrek beantwoord. Hulle kon nie die woorde "selfgating" of "eiewaarde" en "leefstyl" aan kleredrag koppel nie. Hulle het slegs definisies van die woorde gegee. Die vraag was baie vaag.

### Vraag 4

In hierdie vraag het die kandidaat se agtergrond en leefwêreld 'n groot verskil gemaak in die beantwoording van die vrae.

- 4.1 Kandidate het nie die definisie geken nie. Hulle het die definisie van 'n algemene lening gegee en slegs 'n paar kon by die bank en eiendom of 'n huis uitkom.
- 4.2 Kandidate het nie die voltitel en deeltitel vergelyk nie. Hulle het in die algemeen geantwoord. 'n Aanbeveling is dat kandidate 'n tabel moet trek indien hulle gevra word om te vergelyk.
- 4.3 Kandidate het nie genoeg kennis van versekering gehad nie. Die terme in die verskillende handboeke is baie verwarrend. Kandidate het ook net na lang- en korttermynversekering verwys en die terme verduidelik.
- 4.4 Redelik goed beantwoord.
- 4.5 Kandidate kon nie die gegewe inligting gebruik en daarna 'n keuse maak nie. Die vraag was ook baie swak gestel. Sommige kandidate het wel die ontleding gedoen maar nie 'n keuse gemaak nie.
- 4.5.1 Baie goed beantwoord.
- 4.5.2 Goed beantwoord.
- 4.6 Baie antwoorde het gefokus op geld- en tydbesparing en nie op die impak op die omgewing nie.

### Vraag 5

- 5.1 Kandidate het hier die HOEKOM beantwoord en nie die HOE nie. Die vraag was nie duidelik nie en kandidate het in die algemeen geantwoord. Te veel konsepte is in een vraag ingesluit.
- 5.2 Baie kandidate het gedink grondstowwe het iets met grond te doen. Dit is nie in konteks geïnterpreteer nie.
- 5.3 Oor die algemeen goed beantwoord. Kandidate het nie altyd die gegewe inligting in ag geneem nie. Kandidate het die vraag in die antwoord herhaal.

5.4.2 Kandidate het nie die stelling gemotiveer nie.

5.4.3 Die eienskappe van goeie entrepreneurs is hier genoem en nie strategieë nie.

5.3.1 Sommige berekeninge was steeds verkeerd, maar is vanjaar oor die algemeen beter gedoen.